

## *Nuusbrief van die Peter Henrick Henning Familiebond*

Theewaterskloof Landgoed  
Villiersdorp

Posbus 121  
6848 Villiersdorp

Tel: 028 840 0113

[www.henning.org](http://www.henning.org)

E-pos: [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)

*Verstuur vier keer per jaar: Februarie, Mei, Augustus en November*

## Die verhaal van 'n dapper Henning dogter

Ons glo baie Hennings het op 12 Augustus 2020 na die program, “Met ‘n Huppel in die Stap” op die DsTV kanaal, KykNET gekyk. In hierdie episode is daar ook oor die Henning Familiebond gesels. Verskeie mense het daarna met Bondsekreteraris, Olivier Henning kontak gemaak om van hulle families te vertel of spesifieke medelings te maak.

Een van hierdie persone was Isabell Vorster van Ghanzi, Botswana. Sy vertel dat haar nooiensvan Henning was, maar dat haar pa, Gert Frans Henning dood is toe sy ongeveer 10 jaar oud was. Hy het gesterf kort nadat hy gedurende April 1985 met sy derde vrou getrou en hierdie stiefma en die man wat sy daarna getrou het, haar en haar jonger sussie, Adri Zeldaa aangeneem het.

Sy het daarna nie veel kontak met haar Henning familie gehad nie en het slegs beperkte gegewens van haar Henning familie geken. Sy weet dat hulle ma se name Susanna Maria (gebore Holtzhausen) was en dat sy haar pa se tweede vrou was. Hulle is ongeveer 1980 geskei, toe



**a2.b7.c13.d1.e1.f1.Gert Frans Henning, gebore 24 Maart 1929 en sy derde vrou, Frieda Maria Lombaard (gebore Lemcke) en sy twee dogtertjies uit sy 2de huwelik, Isabell Elizabeth (regs) en Adri Zeldaa op hul troudag. Hy is 'n maand later oorlede**

Isabell ongeveer vier jaar oud was.

Isabell weet ook dat haar pa twee kinders, Johan (Johannes Francois) en Ronel by sy eerste vrou gehad het, maar ken ongelukkig nie hierdie vrou of Ronel se volle name of geboortebesonderhede nie, en het geen kontak met hulle nie.

Isabell kon onthou dat haar pa ongeveer 'n maand na sy derde huwelik met Frieda Maria Lombaard (gebore Lemcke) gesterf het. Sy kon uitwerk dat hy ongeveer April 1929 gebore moes gewees het.

Sy het ook geweet dat haar pa te Potchefstroom in die Leër was, want sy het 'n foto van hom in uniform en 'n medalje wat na die Tweede Wêreldoorlog aan hom toegeken is. Haar pa se medalje is saam met dieselfde medalje wat aan 'n J L Henning toegeken is, in 'n raam gemonteer.

Met die verbruikervriendelike databasis van ons Henning Familiiekroniek, kon ek gou vasstel dat hierdie Gert Frans Henning inderwaarheid a2.b7.c13.d1.e1.f1.Gert Frans Henning, gebore 24 Maart 1929, die seun van Johannes Lodewyk Henning, gebore 16 Januarie 1905 en sy vrou Andries Zagaria (gebore Kock), gebore 6 Augustus 1910 moet wees.

Dit is dus Gert Frans se pa se medalje wat in dieselfde raam wat Isabell het, gemonteer is. Oupa Johannes Lodewyk Henning was gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die SA Leër. Hy het in Noord-Afrika diens gedoen, waar hy gedurende 1944 tydens intense gevegte ernstige bomskok opgedoen het. Hy was in Potchefstroom gestasioneer en dit is waar sy oudste seun, Gert Frans kort na sy sestiende verjaardag in 1945 ook by die leër aangesluit het. Na sy basiese opleiding is hy as instrukteur opgelei, min of meer dieselfde tyd toe die oorlog tot 'n einde gekom het.



Ons lei af dat Gert Frans Henning en sy twee klein dogtertjies kort voor

of na sy huwelik in Maart 1985, uit die Leër moes bedank en na Vanderbijlpark verhuis het, want hy is ongeveer 'n maand na sy troue met Frieda Lombaard (gebore Lemcke) in Vanderbijlpark oorlede. En daar sit die weduwee, Frieda Henning alleen met twee klein dogtertjies met wie sy nie werklik 'n verbintenis het nie. Enige mens sal onder hierdie omstandighede diep en ernstig dink wat om nou met hierdie twee dogtertjies te maak. Frieda het egter die twee dogtertjies by haar gehou en toe sy en Mathys Johannes (Thys) Smit daarna besluit om te trou, het hierdie egpaar vir Isabell en Adri as hul eie kinders aangeneem en grootgemaak.

Hulle is dus die enigste ouers wat Isabell en Adri werklik geken het.

Ma Frieda se familie het in Ghanzi, Botswana gewoon en toe sy en pa Thys trou, het hulle elke wintervakansie na Botswana gereis. Ghanzi lê ongeveer in die middel van Botswana en is ongeveer drie ure se ry van Gobabis in Namibië.

Hierdie wêreld en sy mense het van die begin af in Isabell se hart gekruip. In haar matriekjaar ontmoet sy Jan Hendrik Vorster by 'n rugbywedstryd op Ghanzi. In daardie dae was 'n rugbywedstryd 'n groot gebeurtenis vir die gemeenskap van Ghanzi.

Isabell doen na matriek 'n sekretariële diploma en kort daarna, op 16 Oktober 1993 trou sy en Jan Hendrik Vorster. Met haar paar goedjies en haar kat trek sy toe na Ghanzi. Dit is 'n moeilike, droë, baie warm wêreld met groot afstande tussen plekke .... maar 'n dankbare wêreld as die reën eers val!

Haar man, Jan Vorster sterf op 13 Desember 2008 na 'n kort siekbed aan Hepatitis A. Isabell word op die ouderdom van 33-jaar weduwee gelaat met 'n seuntjie van tien en 'n dogtertjie van sewe. Syself was ook slegs tien jaar oud toe haar pa gesterf het. Sy moes toe maar oë toekny en die beesboerdery en plaas oorneem en bestuur.

Soos sy sê: Dit was met groot GENADE VAN BO dat sy dit suksesvol kon hanteer. Gedurende 2011 besluit sy en 'n neef van Jan - Stefanus Hendrik Vorster – (Steven) om in die huwelik te tree.

Vandag het hulle 'n kommersiële beesboerdery, asook drie beesstoete wat hulle besit en self bestuur. Isabell sê dat sy tot vandag toe nog nie 'n dag spyt was dat sy haar in Ghanzi, Botswana bevind nie.

Daar is nog 'n paar los puntjies in hierdie verhaal van 'n dapper Henning dogter, maar ons is van plan om nog bietjie speurwerk te doen om te kyk of ons enige verdere gegewens kan opspoor.



**Isabell en Steven Vorster en haar dogter Isabella by Botswana se Nasionale skou in Gaborone waar hulle stoetveë vertoon is**

Ongelukkig word die 1985 Sterfregisters (Gert Frans Henning se sterfdatum) nog steeds by die kantore van die Meester van die Hoogge-regshof bewaar en hierdie Kantore is in die middestad van Pretoria, waar dit baie onveilig is, met geen parkeerplek en baie onvriendelik en onhulpvaardige amptenare om mee te deel. Ons soek nou iemand wat bereid sal wees om hierdie Sterfregister vir ons te gaan soek. Vrywilligers kan my per E-Pos by [olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org) kontak of per telefoon by 028 840 0113 of sel 082 355 3801

om volle besonderhede van die betrokke sterfregister te kry.

Die name Gert Frans en Johannes Lodewyk het 'n belangrike rol in die geskiedenis van hierdie takkie van die Henning familie gespeel. Opeenvolgende geslagte het hierdie name gehad:

a2.b7.Gert Frans Henning \*1-4-1785, sewende kind van stamvader Pieter Hendrik Henning

a2.b7.c13.Johannes Lodewyk Henning \*21-9-1847, dertiende kind van Gert Frans

a2.b7.c13.d1.Gert Frans Henning \*2-6-1871, eerste kind van Johannes Lodewyk

a2.b7.c13.d1.e1.Johannes Lodewyk Henning \*16-1-1905, eerste kind van Gert Frans

a2.b7.c13.d1.e1.f1.Gert Frans Henning \*24-3-1929, eerste kind van Johannes Lodewyk

Gert Frans Henning \*24-3-1929 was dus die eerste van hierdie familie wat nie sy eersgebore seun na sy pa vernoem het nie.

Laastens het Isabell die volgende opmerkings gemaak: *“Dit is vir my nogal ironies dat 'n verlore dogtertjie haar pa se geslagsregister kon opdateer. Ek het altyd gedink dat my pa se mense dit sou doen. Dis eintlik vir my baie hartseer dat my pa se tak half doodgeloop het (sonder verdere inskrywings en opdatering) terwyl ons tog voortgeleef het - al is dit dan deur dogters en kleindogters...*

*Ek moet bieg en sê die dag toe ek uitgerek het na jou toe het ek nie regtig verwag dat ons my en my broer en susters se plekkies in die Henning Familiestamboom sou opspoor nie maar ek is uitermate verras gevees...baie, baie dankie vir jou bereidwilligheid om my te help. Ek kan regtig nie genoeg dankie se nie...”.*

## Ouerliefde

Ons lees op die “Dopperdagboek” Facebookblad wat Carlizé Henning, eggenote van a2.b6.c4.d1.e5.g6.h3.i3. Ds Jacobus Adriaan Gerhardus (Kosie) Henning van die Gereformeerde Kerk Harrismith op hul seuntjie – ook Kosie, soos sy pa — se tweede verjaardag op 29 Augustus 2020 van hom skryf:

*En daar is hierdie verbondskindjie vandag tweejaar oud.*

*Meer as hierdie foto hoef ek nie te sê nie. Dat iemand op jou ouderdom al so kan liefhê. Soms dryf jy pappa en mamma tot op die uiterste, maar ons is lief vir jou tot op die uiterste.*

*Die roeping om jou groot te maak tot die Here se eer is kosbaar.*

*Kyk, seuns is 'n erfdeel van die Here; die vrug van die moederskoot is 'n beloning. Soos pyle in die hand van 'n held so is die seuns van die jeug. Gelukkig is die man wat sy pylkoker daarmee gevul het. Hulle sal nie beskaamd staan as hulle met die vyande in die poort spreek nie.*

PSALM 127:3 - 5



**Klein Kosie Henning van Harrismith op sy 2de verjaardag, 29 Augustus 2020**

# Die Henning families van die plase, Het Kamp-, Palmietfontein-, Klipkop- en Spitskop, distrik Zastron



**a2.b1.c3.d7.e4. Hermanus Johannes Henning gebore 2 Junie 1867 en sy vrou Elizabeth Anna, gebore Henning, gebore 4 Desember 1870. Hulle was goeie voorbeelde van die boustene waarmee die Boerevolk gebou is**

In hierdie nuusbrieff wil ons meer vertel oor die interessante geskiedenis van a2.b1.c3.d7.e4. Hermanus Johannes Henning wat op 2 Junie 1867 op die plaas Elandshoek in die distrik Aliwal-Noord gebore is en sy vrou Elizabeth Anna, gebore 4 Desember 1870, wie se nooiensvan ook Henning was en wie se genealogiese nommer in die Henning geslagsregister a2.b1.c6.d3.e4. was.

Hoewel Hermanus Henning op die plaas Elandshoek gebore is, het sy ouers, a2.b1.c3.d7. Daniël Stephanus Albertus Henning en Heiltjie Johanna Steyn 'n paar jaar na sy geboorte oor die Oranjerivier getrek en hulle gevestig op 'n plaas in die omgewing van die latere Zastron, wat hulle die naam HET KAMP gegee het.

Die naam Het Kamp het ontstaan want dit was die plek waar die Boerelaer aan die voet van die berg Vechtkop gestaan het, waar die Basoeto's finaal aan die einde van die tweede Basoeto-oorlog verslaan is. Tussen 1858 en 1868 het drie grensoorloë tussen die jong Republiek van die Oranje Vrystaat en die

Basoetoland van Mosjesh gewoed. Dit spreek vanself dat Daniël Henning lid van al die kommando's was, wat teen Mosjesh en sy impi's uitgetrek het.

Hermanus word groot op Het Kamp. As jong seun het hy waggestaan op die Basoetogrens digby Het Kamp, omdat daar steeds die gevaar bestaan het van aanvalle op die boereplase in die jong Boererepubliek.

Op een van die buurplase naby Het Kamp - die plaas Palmietfontein - het ook 'n Henning gesin gewoon – a2.b1.c6.d3. Pieter Hendrik Henning en sy vrou Maria Elizabeth Botha en hulle gesin. Hierdie Pieter Hendrik Henning was 'n neef van Daniël Stephanus Albertus Henning. Hulle dogter, Elizabeth Anna Henning, gebore 4 Desember 1870 en Hermanus het as kinders mekaar goed geken – sy was immers slegs drie jaar jonger as hy en die twee jong mense het sekerlik mettertyd aangetrokke tot mekaar begin voel.

Op 12 November 1889 besluit die twee-en-twintigjarige Hermanus Johannes Henning en die negentien jaar oue Elizabeth Anna Henning om te trou. Hermanus bekom kort hierna dan ook sy eie plaas, Spitskop, in dieselfde omgewing.



**a2.b1.c6.d3. Pieter Hendrik Henning \*30-7-1840 en sy tweede vrou, Maartjie Elizabeth Jacobsa (gebore Naude). Hy het ook baie vir sy land en volk opgeoffer**

a2.b1.c6.d3. Pieter Hendrik Henning het ook deelgeneem aan al die Basoeto-oorloë en was een van die vrywilligers toe Thaba Bosigo bestorm is. Hy was by toe Kmdt Louw Wepener gesneuwel het. Hy was ook teenwoordig toe die Basoeto's finaal aan die einde van die tweede Basoeto-oorlog by Vechtkop in die distrik Zastron verslaan is – dit wil sê op die plaas van sy dogter se skoonouers.

In 1865 het die Basoeto's die woning van Pieter Hendrik se ouers te Klipkop, Rouxville aangeval. Hoewel die paar mans wat daar was dapper teenstand gebied het, het die

Basoeto's nogtans die huis aan die brand gesteeke. Tydens die aanval het 'n sekere Botha gesneuwel en het Pieter Hendrik 'n paar assegaaiesteke opgedoen.

Hermanus Johannes Henning het ook deelgeneem aan die Anglo-Boere-oorlog 1899 — 1902 en was een wat tot die end toe geveg het. Hy het eers onder Kmdt (latere Genl) J H Olivier gedien en later onder Kmdt W D Fouché. Sy huis en al sy besittings is gedurende die oorlog deur die Britse magte verwoes.

Gedurende die tyd dat die Engelse begin het om die Boerevrouens en kinders in konsentrasiekampe te plaas, het sy vrou Elizabeth op die plaas Vaalbank in die distrik Aliwal-Noord tuis gegaan. Sy het op 'n stadium met 'n wa en vier osse ingery dorp toe.

Die Engelse het haar osse afgeneem en haar aangehou. Nadat sy 'n week lank aangehou is, en na vele gesmeek het hulle haar op £500 (pond) borgtog vrygelaat. Sy is dadelik terug plaas toe. Daar aangekom was die kommando van kmdt W D Fouché, waarvan haar man lid was, op die plaas. Aangesien sy nie na die kamp wou teruggaan nie, het sy te perd saam met die kommando gery. Haar man het vir haar blyplek by 'n Kruger gesin in die Burgersdorpdistrik gekry, waar sy tot na die vrede gebly het.

Na die oorlog moes Hermanus Johannes Henning nie net van voor af alles op die plaas weer opbou nie, hy moes ook sy vader, moeder, drie broers en vyf susters en twee weeskinders versorg, totdat elkeen sy eie bestaan kon maak.

Hermanus Henning se vrou, Elizabeth Anna sterf op hulle plaas Spitskop op 3 April 1950 in die ouderdom van 79 jaar en vier maande, terwyl hyself ook op Spitskop sterf op 7 Augustus 1960 in die ouderdom van 93 jaar, twee maande en vyf dae.

Na sy vrou se dood in 1950 het Hermanus Henning gedurende 1951 weer met die weduwee Susan van der Merwe in die huwelik getree.


Hierdie families is van die boustene waarmee die Afrikanervolk gemessel is.

# 'n Liefdevolle gedig ter nagedagtenis van sy vrou

Onlangs het hierdie dokument in ons besit gekom. Dit is 'n liefdevolle gedig wat die treurende a2.b6.c1.d3.e4.f2. Joseph Jooste Henning \*13-10-1883 na die dood van sy lieue vrou, Susanna Lasea (gebore Henning) op 29 November 1929 geskryf het.

Die liefde vir sy vrou en die smart wat hy ervaar het, word duidelik aangevoel.

Jooste Henning, soos hy genoem is, was 'n gemeenskapsleier en een van die mees gerespekteerde manne in Burgerdorp en omgewing aan die begin van die twintigste eeu.



Ek het jou nodig, al is jy 'n moeder,  
Ek is die Vader, die Albehoeder,  
Ek het gese, wie in My glo,  
Genade van My kry van bo.

Ja wie My aanneem is My kind,  
Wat ek van ewig al bemind,  
Ek verlos jou van die tranedal,  
Ek, Die is, Die was, en kome sal.

Die heerlikheid sal jy geniet,  
Jy het nou verder geen verdriet,  
'n Vaderhand wat jou ontvang,  
Behoed ook man en kind solang.

Die slag tref man en kinders swaar,  
Hul word die stem van God gewaar,  
Maar tog is hul so bly te weet,  
Dat God Sy kinders nooit vergeet.

Ons weet die heerlikheid se waarde,  
Is meerder dan die kruis op aarde,  
Ons sal dus in Sy wil berus,  
Hy troos ons seker en gewis.

En eens ontmoet ons weer mekaar,  
Daar by die grote blye skaar,  
Die Heer is God wat ons regeer,  
Ons buig eerbiedig voor Hom neer.

**'n Liefdevolle ontboeseming van haar Eggenoot,**

Vinkelfontein,

Burgersdorp, April 1930.

**J. JOOSTE HENNING,**

## Lief en Leed vir Oud-Kimberley Familie

Gerhard Thomas Henning (a2.b1.c6.d1.e1.f2.g1.h2.), \*4 Julie 1981 van Centurion het vir ons laat weet dat twee gebeurtenisse – die een vreugdevol en die ander hartseer – gedurende Junie 2020 met hulle familie gebeur het.

Dit was met vreugde dat Gerhard en sy vrou tjie Vanessa op 11 Junie 2020 hulle tweede dogtertjie verwelkom het. Sy sal die naam, Una Liviya Henning dra.

25 Junie 2020 was weer 'n baie hartseerdag toe Gerhard se ma, Deïdré Memory (gebore Schoeman) in die ouderdom van 62-jaar en ses maande aan kanker oorlede is. Dit is 'n dag nadat haar liewe eggenoot, Gerhardus Stefanis Henning sou verjaar het. Hy is egter verlede jaar op 1 September 2019 oorlede.



**a2.b1.c6.d1.e1.f2.g1. Gerhardus Stefanis (Gerhard) Henning \*24-6-1956 en sy vrou, Deïdré. Hy sterf verlede jaar September 2019 en sy 25 Junie 2020.**



**a2.b1.c6.d1.e1.f2.g1.h2. Gerhard Thomas Henning \*4-Julie 1981, sy vrou, Vanessa en hul twee dogtertjies, Leia \*2017 en Una wat onlangs op 11 Junie 2020 gebore is**

Deïdré het haar kinderjare in Kroonstad en Pietermaritzburg deurgebring waar haar pa, TIP Schoeman, 'n ambagsman en later 'n kaptein in die gevangenisdiens was.

Haar ma, Sylvia, het in Dealesville in die Vrystaat grootgeword waar hulle geboer het. Dit is waar Deïdré vir Gerhard ontmoet het. Deïdré se oom, 'n boer van Dealesville, het Gerhard aan Deïdré voorgestel. Gerhard het by die koöperasie op Dealesville gewerk.

Die liefde tussen hulle was lewendig gehou met baie handgeskrewe briewe terwyl Gerhard diensplig gedoen het en later "grens" toe moes gaan. In latere jare het hulle saam met hulle twee kinders, Gerhard jnr (seun) en Maricelle (dogter), op verskeie dorpie in die Vrystaat gebly soos wat Sentraalwes-Koöperasie Gerhard nodig gehad het. Dorpie het ingesluit Venstersburg, Wesselsbron en Kroonstad.

Hulle het later verhuis na Hartswater in die Noord-Kaap waar die kinders albei gematrikuleer en beide ouers by die koöperasie gewerk het. Gerhard het deur al die jare sy stokperdjie beoefen om ou motors te versamel en te restoreer en om baie tyd in hulle mooi tuin te spandeer.

Deïdré se stokperdjies het pottebakery en naaldwerk ingesluit en sy het 'n baie groot liefde vir honde gehad. In 2001 het Gerhard 'n pos gekry by GWK in Kimberley (die enigste keer wat Gerhard ooit van werkgewer verander het) en hy en Deïdré het daarheen verhuis. Deïdré het van toe af vir verskeie

jare gewerk as 'n bestuurder van 'n Battery Centre op Kimberley.

In 2008 is hulle dogter, Maricelle, ongelukkig oorlede in die ouderdom van 28, aan sistemiese sclerosis nadat sy vir drie jaar siek was.

Gerhard en Deïdré het in 2017 vir die eerste keer oupa en ouma geword toe hulle seun, Gerhard en sy vrou, Vanessa, 'n dogtertjie met die naam Leia gehad het. Na hulle beide in 2019 afgetree het, het hulle besluit om nader te trek aan hulle kleinkind en was in die proses om te verhuis na Hartbeespoort in die Noordwes.

Gerhard is oorlede op 1 September 2019 agv hartversaking 'n paar maande voordat hulle sou verhuis. Deïdré het besluit om nogsteeds op haar eie te verhuis, maar is net tien maande later oorlede na 'n lang stryd met kanker wat gekom en gegaan het oor al die jare. Sy is oorlede net 2 weke na die geboorte van hulle tweede kleindogter, Una, wat sy ongelukkig nooit ontmoet het nie omdat Deïdré reeds in die hospitaal was wat streng reëls gehad het vir besoekers agv Covid-19. Haar seun, Gerhard was darem langs haar gedurende haar laaste paar dae toe sy oorlede is op 25 Junie 2020, net een dag na wat pa Gerhard se verjaarsdag sou gewees het.

## Nog 'n Baba

Corrie Henning, weduwee van wyle b5.c1.d5.e3.f1.g1.h2. Jan Andries Henning van Montana, Pretoria het laat weet dat haar seun, Conrad en sy vrou, Barinda op 8 Mei 2020 hul derde seuntjie, Andreas verwelkom het. Weens die Covid-19 pandemie was die doopdiens op Sondag 13 September 2020 in die Hervormde Kerk, Montana byna soos 'n gemaskerde bal. Conrad werk by Franchise Co, 'n finansiële beleggingsfirma in Sinoville, Pretoria en Barinda is Geografie-onderwyser by Crawford College, Pretoria



**Pandemietyd! Almal met maskers by die doop van Andreas Henning \*8-5-2020 op 13 September 2020. Conrad en Barinda Henning, met hul twee oudste seuntjies, Corné \*8-12-2010 en Werner \*23-4-2013. Ds Thinus van Staden, regs**

## Sterftes

**Maria Magdalena Henning (gebore Du Plessis), gebore 16 Januarie 1959.** Ons het verneem van die afsterwe van Maria Magdalena (Marie) Henning (gebore Du Plessis) op 25 Junie 2020. Sy was die eggenote van b5.c4.d4.e1.f1.g3.h4. Petrus Louis (Peet) Henning, gebore 27 April 1956 van George langs die Tuinroete in die Wes-Kaap.

Marie was drie jaar lank aan en af bedlënd as gevolg van erge arteritis. Sy het 24 uur per dag ontsettend pyn gehad en is met morfien behandel. Twee weke voor haar dood het sy 'n stimulator inplanting in haar brein gehad om die pyn minder te maak. Dit het ongelukkig haar pyn vererger en die pyn was ondraaglik. Haar hart het ingegeen en sy het in haar man, Peet se arms gesterf.

Marie het in Krugersdorp groot geword en gematrikuleer. Sy was later in beheer van die administratiewe afdeling van die Ongevalle-afdeling van die Paardekraalhospital. Sy bedank toe Peet in 1996 na George verplaas is.

Sy was 'n bobaaskok met die lekkerste boeregeregte, poedings, naaldwerk, kleremaak vir haar kinders en kleinkinders. Sy word oorleef deur haar man, Peet, dogters, Isabel en haar man Jacques Fourie en Annelize en haar man Jannes Strydom en kleindogter Catherine Fourie

**Martha Jacoba Henning (gebore Botha) \* Witbank 2-1-1949.** Marthie sterf op 1 Augustus 2020 te Meyerton.

a2.b1.c6.d8.e8.f7. Pieter Oelof Henning \* 27-9-1944 was drie keer getroud en het al drie sy vrouens oorleef. Hy en sy eerste vrou, Josina Elizabeth (gebore Swart) is gedurende 1970 getroud en sy is gedurende 1983 oorlede. Daarna trou hy met Cornelia Jacoba (gebore Strydom), maar sy sterf in 1988.

Gedurende 1990 trou hy vir die derde keer – met Martha Jacoba (Marthie) (gebore Botha). Hy en Marthie was dertig jaar lank getroud.

Sy het groot geword in Witbank. Pieter het haar ontmoet deur een van sy werksvriende. Sy het op daardie stadium in Vanderbijlpark gebly en was geskei. Gedurende Januarie 1989 trek sy by Pieter en sy kinders in en hulle is in 1990 getroud.



**Maria Magdalena (Marie) Henning (gebore Du Plessis) en haar man b5.c4.d4.e1.f1.g3.h4. Petrus Louis (Peet) Henning. Sy sterf na 'n lang lyding op 25 Junie 2020.**



**a2.b1.c6.d8.e8.f7. Pieter Oelof Henning \* 27-9-1944, sy vrou, Marthie, \*2-1-1949 en hul agterkleinkind, Aliska Globber — Pieter se dogter, Alida se kleinkind. Pieter en Marthie was 30-jaar lank getroud en ware sielsgenote. Marthie sterf op 1 Augustus 2020.**

Pieter se dogter, Linda, wat uit haar pad gegaan het om ons by te staan om haar pa en al sy broers en susters se families te rekonstrueer, sê dat Marthie en haar pa saam 'n wonderlike lewe gehad het. Sy was 'n huisvrou en haar pa het hard gewerk. Hul was beste vriende en lewensmaats.

Sy was een-en-dertig jaar deel van hulle lewe - "Die ma wat ons die langste gehad het en die beste vir ons."

Hulle was die laaste vier-en-twintigjaar woonagtig Homelands, Meyerton. Linda sê dat sy nie veel van ma Marthie se ouers geweet het nie. "Hulle is lank voor ons tyd oorlede". Marthie het vyf kinders uit haar vorige huwelik gehad en sy en pa Pieter geen kinders. Sy het 28 Julie 2020 in die vroeë oggendure 'n hartaanval gehad. Sy het nie ten volle herstel nie en is toe Saterdag 1 Augustus 2020 oorlede. Sy was 71jaar en 6maande oud.

Ons sal haar altyd in ons harte onthou en die goeie tye wat ons met haar vir een-en-dertigjaar lank gehad het. My pa sal haar altyd onthou as sy beste lewensmaat. Sy het altyd by hom gestaan en vis gevang, groente geplant, duiwe en hoenders gehelp groot maak. Hul het die lewe so saam geniet. Hul het gereeld by St Lucia vakansie gaan hou. Ons gaan Martie Henning baie mis.

**Isabella Jacoba Henning (gebore De Beer) \* 2 Mei 1937.** Sy was bekend met die bynaam Toot en is in Pretoria gebore. Sy was die agtste van veertien kinders. Sy sterf op 1 Augustus 2020 in die Medstep in Pretoria in die ouderdom van 83 jaar en 3 maande.

Toot het skool gegaan by Hercules Hoërskool en was 'n skrandere skoolier. Nadat sy skool verlaat het werk sy by die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) tot en met haar troue.

Sy is op 29 April 1955 getroud met Gert Frans Henning **b7.c13.d3.e1.f3** in die NG Kerk Daspoort. Van hier af het sy haar toegewy aan haar man en vier kinders. Sy het ook sewe kleinkinders, twee stiefkleinkinders, sewe agterkleinkinders en ses stiefagterkleinkinders gehad waarvan elkeen sy eie plekkie in haar lewe gehad het en sy in hulle lewens.



**Isabella Jacoba Henning (gebore De Beer) \*2-5-1937, vrou van b7.c13.d3.e1.f3. Gert Frans Henning \*28-12-1923 en haar vier kinders, v.l.n.r: Roelf Arnoldus Sybrand Henning \*4-1-1965, Hester Susara Klopper (gebore Henning) \* 9-11-1961, Marinda Magdalena Hornsby (gebore Henning) \*30-1-1960 en Gert Frans Henning \*27-10-1955**

## Geldsake

Die Henning Familiebond het oor die afgelope ses-en-dertigjaar oorleef op die vrywillige donasies wat ons van goedgesinde Hennings en ander lede van die Familiebond ontvang. Ons kon dus ontwikkel in een van die besgeorganiseerde familiebonde in die land.

Ons hoop dat alle Hennings en aangetroude familieledes dit sal oorweeg om minstens een keer per jaar 'n donasie, hoe klein ookal, vir die familiebond aan te stuur. Omdat ons weet dat alle Hennings nie ewe vermoënd is nie, laat ons dit oor aan elkeen om self te besluit hoeveel hulle kan bekostig om by te dra. Daar was nog altyd 'n paar lede wat groot donasies van etlike duisende Rande skenk, maar die meerderheid mense dra bedrae by wat wissel tussen R50.00 en R500.00 per jaar.

Dan is daar lede wat maandeliks 'n klein bekostigbare bedraggie (selfs van so min as R30.00) deur middel van 'n debietorder bydra. Later voel so 'n lid nie eens meer daardie klein bedraggie nie, maar vir die familiebond word dit oor 'n jaar 'n baie waardevolle bydrae.

Dit gaan tans nie goed met die geldsake van die familiebond nie. Die afgelope twee jaar het die stroompie vrywillige donasies drasties afgeneem, tot so 'n mate dat oor die afgelope drie maande ons slegs bydraes ontvang het van die vier lede wat gereeld maandeliks per debietorder bydraes lewer. Hulle is mnr Jan Hendrik Henning van Glenstantia, Pretoria, mev Gesina Spangenberg van Tsumeb, Namibië, mev Runa (R T) van Straaten van Pretoriuspark, Pretoria en Pastoor Antonie Henning van Daspoort, Pretoria.

Slegs twee ander lede, mev Linda van Tonder van Ferndale) - Julie 2020 en Maurtitz Henning van Pretoria-Noord – September - het bydraes gelewer. Ons moes dus al begin teer op die reserwes wat ons oor die voorafgaande 36-jaar gespaar het — en dit gaan nie lank hou nie.

Ons wil dus 'n ernstige beroep doen op alle mense wat die Ons Haantjie nuusbrief ontvang om te oorweeg om voor die einde van 2020 vir die Henning Familiebond 'n donasie aan te stuur en ook te dink aan 2021.

**Die rekeningbesonderhede is as volg: Henning Familiebond, FNB Villiersdorp (tak 200 712); Rekening nr 6265 7601 483. Gebruik asseblief u lidnommer of Voorletters en Van as verwysing**



# FAK Genealogiefees 10 April 2021

Die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) het beplan om op 10 Oktober 2020 'n groot Genealogiefees by die Voortrekkermonument in Pretoria te hou. Hierdie fees is egter weens die Covid-19 grendeltyd uitgestel na 10 April 2021 – omdat dit die naaste Saterdag aan 6 April, Stigtingsdag is.

Weens die betrokkenheid van die FAK by die Henning Familiebond se deelname aan die “Huppel in die Stap” program wat op 12 Julie 2020 op KykNET uitgesaai is, sou ons graag aan die Oktober 2020 fees wou deelgeneem het om aan die breë gemeenskap te wys wat die Henning Familiebond al bereik het, maar soos u sal verstaan, kos al hierdie dinge geld en die familiebond is afhanklik van donasies wat ons van ons lede en ander goedgesinde persone ontvang. Met dié dat die stroompie donasies oor die afgelope twee jaar byna opgedroog het, moet die familiebond dus sy rieme al dunner sny.

Ons hoop dus dat die donasies sal begin invloei en ons finansies teen April 2021 sodanig sal verbeter dat ons in staat sal wees om aan die 10 April 2021 fees by die Voortrekkermonument, Pretoria deel te neem.

## Henning Aandenkings

Die volgende Henning aandenkings is steeds beskikbaar. U kan telefonies (028 840 0113 of sel 082 355 3801) of per E-Pos ([olie4@henning.org](mailto:olie4@henning.org)) bestel.

1. Henning CD — R125.00 plus R50.00 posgeld –geregistreerde pos
2. Skryfblokke (50 bladsye) — R30.00
3. Lapelwapens — R30.00
4. Teelepels — R50.00 elk (goud geplaatteer) **Pragtig as 'n stel van ses of meer,**
5. Mansjetknope —R100.00 stel. **Werklik pragtig!**

**By groot bestellings van verskeie items beveel ons aan dat die pakkie met Postnet gestuur word — 'n pakkie tot en met 1 Kg kos slegs R99.00 en word binne 'n week afgelewer.**

Kleiner bestellings word met gewone geregisteerde pos gestuur. Normale poskantoor afleweringstyd (wat 'n paar weke kan duur) geld ongelukkig. Koste van registrasie normaalweg R30.00, maar omdat posgeld deur die gewig van die pakkie bepaal word, beveel ons aan dat u eers navraag doen wat u pakkie se posgeld sal bedra voordat u enige geld inbetaal.

Tensy u 'n bestelling van verskeie items plaas, behoort die posgeld nie meer as R50.00 te wees nie.

**Ondersteun asseblief die familiebond.**

**Rekening besonderhede: FNB Lopende rekening 6265 7601 483; Tak nr 200 712. Rekening naam – Henning Familiebond. Vermeld u lidnommer en/of voorletters en van as verwysing.**

**‘n Geseënde Kersfees en Voorspoedige Nuwe Jaar word u toegewens**